

Die gewoontes van ‘n rentmeester



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Efésiërs 5:15–17, Kolossense 3:23, Lukas 12:35–48, Jakobus 4:14, Handeling 3:21, I Korintiërs 9:24–27.

Geheeteks:

“Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord. Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooe nie. Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.” (Psalm 119:9–11).

Jou gewoontes openbaar jou doelwit en dui die rigting van jou lewe aan. Rentmeesters wat goeie gewoontes aanleer, is die getrouste rentmeesters. Daniël het ‘n gewoonte gehad om daaglik te bid (*Daniël 6:10*). Paulus se gewoonte was om sinagoges te besoek (*Handeling 17:1, 2*). Hy skryf ook: “Moenie dwaal nie; slegte gewoontes bederf goeie sedes” (*I Korintiërs 15:33*). Ons moet slegte gewoontes met goeie gewoontes vervang. “Ons gewoontes sal nou en tot in der ewigheid bepaal wie ons is. Die lewens van diegene wat die regte gewoontes vorm en getrou in elke taak is wat hulle uitvoer, sal soos skynende ligte wees wat die paaie van ander mense helder sal verlig.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 452, (*vrye vertaling*).

Die pad van die gewoonte is die vinnigste manier om die beloning te verkry wat jy soek. ‘n Gewoonte word deur ‘n ingewortelde besluit gevorm. Met ander woorde, jy hoef nie eers daaraan te dink nie; jy doen dit net. So gewoonte kan of goed of sleg wees, afhange van wat dit is wat jy doen. Hierdie week kyk ons na kragtige gewoontes wat ‘n rentmeester sal help om God se sake uit te voer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 Maart.*

Gewoonte: Soek God eerste

Ons het almal gewoontes. Die vraag is: Watter soort gewoontes? Goed of sleg? Van al die goeie gewoontes wat 'n Christen kan hê, is die belangrikste een om God elke dag eers te soek voor enigiets anders gedoen word. “Wy jouself, jou siel, liggaam en gees, aan God toe elke oggend. Kweek godsdiensoefeninggewoontes en vertrou meer en meer op jou Verlosser.” — Ellen G. White, *Mind, Character, and Personality*, vol. 1, bl. 15. Met sulke gewoontes sal ons sekerlik deur die “ ‘poort [wat] nou en die pad [wat] smal [is] wat na die lewe lei’ ”, ingaan (*Mattéüs 7:14*). God het gesê, “ ‘Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie’ ” (*Eksodus 20:3*). Jesus sê, in die konteks van ons elke dag se behoeftes, “ ‘maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid’ ” (*Mattéüs 6:33*); en daar is al aan almal van ons gesê: “ ‘En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart’ ” (*Jeremia 29:13*).

Lees *Mattéüs 22:37, 38; Handeling 17:28; Efésiërs 5:15–17; en Kolossense 3:23*. **Wat word hier gesê wat ons kan help om te verstaan hoe ons God eerste in ons lewens moet plaas?**

Van al die voorbeelde wat ons het om die Here eerste in ons lewens te plaas, is Jesus se voorbeeld natuurlik die beste een. Jesus het Sy Vader in alles eerste geplaas. Ons sien hierdie prioriteit in Sy lewe toe hy as kind Jerusalem besoek het, toe hy deur Sy moeder gekonfronteer was toe hulle Hom “in die tempel,” gevind het. Hy sê vir hulle, “ ‘... Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie’ ” (*Lukas 2:46, 49*). Dwarsdeur Sy lewe het Jesus daarna gesmag om met Sy Vader te verkeer, soos in Sy gereelde gebedsgewoontes gesien kan word. Hierdie gewoonte was iets wat die dissipels nie ten volle verstaan het nie. Al die magte van die duisternis kon Jesus nie van Sy Vader geskei het nie, want Jesus het dit ‘n gewoonte daarvan gemaak om ten volle een met Sy Vader te wees. Ons kan Jesus se gewoonte kweek deur die besluit om God met ons hele hart, siel en verstand lief te hê (*Mattéüs 22:37*). Deur te bid, God se Woord te bestudeer, en daarna te streef om die karakter van Jesus in alles wat ons doen, na te volg, sal ons die gewoonte kweek om God eerste in ons lewens te plaas. En watter beter gewoonte kan daar nie vir ‘n Christen wees nie?

Vra jouself: Het ek regtig God eerste in my lewe geplaas? Hoe weet jy dit?

Gewoonte: Sien uit na die terugkeer van Jesus

Lees *Lukas 12:35–48*. **Wat leer hierdie gelykenis ons oor hoe ons die Tweede Koms van Jesus moet verstaan? Hoekom moet alles wat ons doen altyd in die konteks van die werklikheid van die Tweede Koms gedoen word?**

In die lig van Jesus se wederkoms behoort rentmeesterskap ‘n gewoonte te word. Die karakter van ontroue rentmeesters wat maak asof hulle getrou is, sal uiteindelik blootgestel word; want ware, getroue rentmeesters voer hulle verantwoordelikhede uit deur so te waak en te werk asof hulle heer teenwoordig is. Hulle leef vir die toekoms en werk elke dag getrou. “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus” (*Filippense 3:20*). Abraham het ‘n stad verwag wat vir ewig sou bestaan (*Hebreërs 11:10*), en Paulus het na Christus se terugkoms uitgesien (*Hebreërs 10:25*). Hulle het vooruit gedink, afwagend, met beplanning, en was slag gereed om Jesus te ontmoet. Ons moet ook hierdie gewoonte aanleer om na die toekoms met ‘n onwankelbare blik, gevestig op die klimaks van die evangelie (*Titus 2:13*), uit te sien. In plaas daarvan om net nou en dan of vlugtig na die profesie te kyk, moet ons aanhoudend kyk, waak en doen, altyd bewus wees van die ewigheid wat op ons wag wanneer Christus terugkom. Terselfdertyd moet ons wilde en denkbeeldige spekulasies oor die eindtydgeboure, vermy. Die belofte van die Tweede Koms gee aan ons rigting, voorsien aan ons die ware perspektief van die huidige, en help ons om te onthou wat in hierdie lewe belangrik is. Die gewoonte om uit te sien na die terugkoms van Jesus gee, aan ‘n rentmeester duidelikheid en doelgerigheid.

Die kruis het die pad oopgemaak vir samesyn met die Verlosser. Ons let op na die gewysers in die Skrif wat vooruit wys na die koms van Christus “in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele” (*Mark 8:38*), “omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (*II Korintiërs 4:18*). Ja, die dood, en die altyddurende werklikheid van die dood, behoort ons gedurig te help besef net hoe beperk en kortstondig ons tyd hier is. Maar die belofte van die Tweede Koms wys ons ook dat die dood self tydelik en verbygaande is. Geen wonder dan dat ons in die lig van die belofte van Christus se wederkoms moet leef, ‘n belofte wat elke Christenrentmeester se leefwyse sal aanraak. Kom ons maak dit nou ‘n gewoonte om Christus se wederkoms met verwagting te leef. Ons naam weerspieël die werklikheid van so ‘n verwagting.

Gewoonte: Gebruik jou tyd verstandig

“want ons is van gister en weet niks nie, omdat ons dae ‘n skaduwee op die aarde is;”
(*Job 8:9*).

Jy kan ‘n horlosie stop, maar nie die tyd wat aanbeweeg nie. Tyd wag nie; dit hou aan vorentoe beweeg selfs as ons stilstaan en niks doen nie.

Wat leer die volgende teksverse ons oor ons tyd hier op aarde? *Jakobus 4:14; Psalm 90:10, 12; Psalm 39:4, 5; Prediker 3:6–8*. Wat is die grondliggende boodskap wat ons uit hierdie verse kan neem oor hoe kosbaar ons tyd hier is?

Met iets wat so beperk en nie-verlengbaar soos tyd is nie, is dit belangrik dat Christene goeie rentmeesters daarvan moet wees. Daarom moet ons die gewoonte om ons tyd verstandig te gebruik, fokus op wat belangrik in hierdie en die volgende lewe is. Ons moet ons tyd gebruik volgens wat die Woord van God aan ons as belangrik openbaar, want wanneer tyd opraak, kan dit nie herwin word nie. As ons geld verloor kan ons dit dalk uiteindelik terugkry, miskien selfs meer as wat ons aanvanklik verloor het. Dis nie so met tyd nie. ‘n Verlore oomblik is vir ewig verlore. Ons kan ‘n gebreekte eier makliker terugsit in sy dop as wat ons ‘n oomblik uit die verlede weer kan beleef. Daarom is tyd een van die kosbaarste artikels wat God aan ons gegee het. Hoe belangrik is dit dan nie dat ons die gewoonte moet aanleer om die meeste van elke oomblik wat ons ontvang het, te maak nie.

“Ons tyd behoort aan God. Elke oomblik is Syne, en ons staan onder die plegtigste verpligting om dit tot Sy eer te benut. Van geen talent wat Hy gegee het, sal Hy ‘n noukeuriger verslag eis as van ons tyd nie.

“Die waarde van tyd is onberekbaar. Christus het elke oomblik as kosbaar beskou, en so behoort ons dit te beskou. Die lewe is te kort om te verbeusel. Ons het maar net ‘n paar proefdae waarin ons ons vir die ewigheid kan voorberei. Ons het geen tyd om te verkwis nie, geen tyd om aan selfsugtige genot te wy nie, geen tyd vir toegewing aan die sonde nie ...” — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, p. 312.

“Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is” (*Efésiërs 5:15, 16*). Wat sê Paulus hier aan ons, en hoe kan ons hierdie woorde op ons huidige situasie toepas?

Gewoonte: ‘n Gesonde gees, liggaam en siel

Ons was oorspronklik verstandelik, fisies en geestelik volmaak geskep, maar sonde het alles genuëer. Die goeie nuus van die evangelieboodskap, onder andere, is dat God besig is om ons te herstel na wat ons oorspronklike bedoel was om te wees.

Lees Handeling 3:21 en Openbaring 21:1–5. Watter hoop word in hierdie tekse vir ons gevind? Hoe moet ons leef terwyl ons wag om finaal herskep te word?

Toe Hy hier op aarde was, het Christus onvermoeid vir die opheffing van die mens se geestelike, verstandelike en fisiese gesondheid gewerk; dit was die voorloper van die uiteindelijke herskepping aan die einde van tyd. Jesus se bediening het bewys dat God ons nou so gesond as moontlik wil hê totdat die einde aanbreek. Daarom kweek rentmeesters verstandelike, liggaamlike en geestelike gewoontes wat deur ‘n gesonde lewenstyl bevorder word.

Eerstens verbeter die verstand vinniger as dit meer gebruik word. Kweek die gewoonte aan om jou gedagtes met “alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is ...” te vul (*Filippense 4:8*). Met sulke gedagtes geniet jy vrede (*Jesaja 26:3*), en ‘n “rustige hart is die lewe vir die vlees ...” (*Sprenke 14:30*). As die gedagtes deur goeie gewoontes gesond gehou word, dan kan die mens se verstand, die kragbron van die mens, op sy beste funksioneer. Tweedens dui goeie gesondheidsbeginsels soos gereelde oefening en ‘n goeie dieet, aan dat ons vir onself omgee. Oefening, byvoorbeeld, verlaag stres en bloeddruk, verbeter ons gemoedstand, en is beter as die beste elikser (afkookseldrankie) op die winkelrakke, wat jy kan drink om veroudering teë te werk. Derdens, ‘n rentmeester sal goeie gewoontes aankweek om die geestestoestand te versterk. Hef jou siel op na God (*Psalm 86:4, 5*) en wag (*Psalm 62:6*). Jou siel sal floreer “soos jy in die waarheid wandel” (*3 Johannes 3*) en sal “onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus” (*1 Tessalonicense 5:23*).

Dink na oor watter gewoontes jy het en hoe dit jou geestelike, fisiese en verstandelike gesondheid raak. Is daar enige veranderinge wat jy moet maak om jou te help om enige of almal van hierdie gewoontes te verbeter? Watter keuses kan jy maak en watter Bybelbeloftes kan jy vir jouself toe-eien om die kwaliteit van jou lewe nou te verbeter terwyl jy wag vir die finale herskepping?

Gewoonte: Selfbeheersing

Selfbeheersing is een van die belangrikste karaktereienskappe wat ‘n rentmeester kan hê. “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (*II Timóteüs 1:7*). Die Griekse woord vir beheersing, *sophronismos*, kom net in hierdie vers in die Nuwe Testament voor, en sluit die vermoë in om met ‘n gebalanseerde gesonde verstand wat nie van God se beginsels sal afwyk nie, te doen wat gedoen moet word. Selfbeheersing kan ons help om “goed van kwaad te onderskei” (*Hebreërs 5:14*), om situasies wat onmiddellike aandag nodig het, te verstaan, en tog kalm en nederig enige druk en steuring te weerstaan wat die gevolge ook mag wees. Daniël het gedoen wat reg was ten spyte van die leeu, teenoor Simson wat ‘n selfbevredigende lewe gely het en geen weerstand gebied, of gesonde oordeel weerspieël het nie. Josef het gedoen wat reg was in Pótifar se huis, teenoor Salomo wat ander gode aanbid het (*II Konings 11:4, 5*).

Lees I Korintiërs 9:24–27. Wat sê Paulus hier oor selfbeheersing? Wat sê hy is eintlik op die spel wanneer selfbeheersing ter sprake kom?

“... Die wêreld het hom aan selfbevrediging oorgegee. Dwaalleer en fabels is volop. Die Satan se strikke om siele te vernietig, is vermenigvuldig. Almal wat die heiligmaking in die vrees van die Here wil volbring, moet die lesse van matigheid en selfbeheersing leer. Die drange en hartstogte moet onderhorig gemaak word aan die hoër magte van die gees. Hierdie selfdissipline is noodsaaklik vir die verstandelike en geestelike insig wat ons in staat sal stel om die heilige waarhede van die Woord van God te begryp en uit te leef ...” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 101.

Selfbeheersing verbeter deur dit oor en oor toe te pas. God het jou geroep om “in jou hele lewenswandel heilig [te] word” (*I Petrus 1:15*) en om “jou in die godsaligheid [te oefen]” (*I Timóteüs 4:7*). Rentmeesters moet net soos die mees begaafde atlete of musikante oefen en opgelei word om selfbeheersing toe te pas. Ons moet, deur die krag van God en ons eie inspanning, onselfdissiplineer om die dinge wat werklik saak maak, te doen.

Hoe kan ons leer om alles aan die krag van God oor te gee sodat ons deur Hom die selfbeheersing kan ontvang wat ons benodig om getroue en Godvresende rentmeesters in ‘n gevalle korrupte wêreld te kan wees? Net Hy kan dit gee.

Vir verdere studie:

Henog en Noag het dit ‘n gewoonte gemaak om met God te wandel in ‘n tydvak toe min mense getrou gebly het te midde van oormaat, materialisme en geweld (*Génesis 5:24, 6:9*). Hulle het God se genade verstaan en aanvaar, en was dus goeie rentmeesters van die besittings en take wat aan hulle toevertrou was. Deur die eeue was daar nog mense wat net soos Henog en Noag met God gewandel het. Byvoorbeeld, Daniël en sy vriende “het besef dat, om die ware godsdiens te midde van die valse godsdienste van die heidendom te kon verteenwoordig, hulle verstande helder en hulle Christelike karakters volmaak moes wees. En God self was hulle onderwyser. Deur gedurigdeur te bid, pligsgetrou te studeer, met die Onsigbare in verbinding te bly, het hulle net soos Henog met God gewandel.” — Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 486, (*vrye vertaling*). “Om met God te wandel” is die definisie van wat ‘n rentmeester doen, d.i., om saam met God elke dag te leef op hierdie aarde. ‘n Wyse rentmeester sal dit ‘n gewoonte maak om met God te wandel te midde van ‘n korrupte wêreld, want net deur hierdie verbinding met God kan ons beskerm word om nie deel te word van die heersende booshede nie. Om ‘n getroue rentmeester te wees is om ‘n allesomvattende lewe te leef wat begin deur met God ‘n ooreenkoms aan te gaan (*Amos 3:3*). Ons moet in Christus wandel (*Kolossense 2:6*), in ‘n nuwe lewe wandel (*Romeine 6:4*), in liefde wandel (*Efésiërs 5:2*), in wysheid wandel (*Kolossense 4:5*), in waarheid wandel (*Ps. 86:11*), in die lig wandel (*I Johannes 1:7*), in regskepheid wandel (*Spreuke 19:1*), in Sy wet wandel (*Exodus 16:4*), in goeie werke wandel (*Efésiërs 2:10*), en “laat al jou weë vas wees” (*Spreuke 4:26*).

Vrae vir bespreking:

1. Definieer nederigheid en verduidelik die rol wat dit in die lewe van ‘n rentmeester speel (*Mattéüs 11:29, Efésiërs 4:2, Filippense 2:3, Jakobus 4:10*). Hoekom is nederigheid in ons wandel met God so belangrik? (*Miga 6:8*).
2. Praat in die klas oor maniere hoe ons diegene onder ons kan help wat vasgevang is in slegte, selfs selfvernietigende gewoontes. Wat kan jou plaaslike kerk doen om hierdie mense te help?
3. Watter ander goeie gewoontes is daar wat Christenrentmeesters behoort te hê? Sien byvoorbeeld *Titus 2:7, Psalm 119:172, Mattéüs 5:8*.
4. Praat in die klas oor tyd en die verborgenhede daarvan. Hoekom lyk dit asof dit so vinnig verbygaan? Hoe verstaan ons wat tyd is? En, wat die belangrikste is, hoekom is dit nodig dat ons goeie rentmeesters moet wees van die bietjie tyd wat ons hier op aarde het?